# BOEKBESPREKINGS/BOOK REVIEWS

KAREL SCHOEMAN (red.)
*The Wesleyan mission in the Orange Free State 1833-1854 as described in contemporary accounts*
Kaapstad/Johannesburg: Human en Rousseau
1991
144 pp.
R49,50
ISBN 0-7981-2808-9

KAREL SCHOEMAN (red.)
*The missionary letters of Gottlob Schreiner 1837-1846*
Kaapstad/Johannesburg: Human en Rousseau
1991
160 pp.
R55,00
ISBN 0-7981-2807-0

Karel Schoeman het reeds bekendheid verwerf vir sy publikasies oor die geskiedenis van die Oranje-Vrystaat en as redakteur van die *Vrijstatia*-reeks bronnepublikasies. As gevolg van 'n gebrek aan fondse het daar vir meer as twee jaar geen publikasie in hierdie reeks verskyn nie, maar met 'n ruim bydrae van SASOL kon die twee publikasies onder bespreking kort na mekaar die lig sien. Vorige publikasies in die *Vrijstatia*-reeks was in hardeband met 'n stofomslag, maar hierdie twee is albei in sagteband. Hulle is egter stewig gebind en gegaringstik, met enkele illustrasies ('n kaart, sketse en foto's).

Vir die kerk- kultuur- en algemene geskiedenis is hierdie twee bronnepublikasies van besondere belang omdat die bronne wat daarin opgeneem is nie vir navorsers geredelik toeganklik was nie en geskrewe bronne oor die geskiedenis van die O.V.S. vir daardie tydperk baie skaars is. Sommige van die briewe en verslae is in sendingtydskrifte gepubliseer, maar in baie gevalle is dit die eerste keer dat hierdie dokumente in druk verskyn.

Die dokumente is so gekies dat dit aan die leser 'n goeie beeld gee van die werk van beide die Wesleyaanse as die Londense Sendinggenootskappe in die gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier gedurende daardie tydperk. 'n Kort inleiding by elke dokument werp lig op die omstandighede waaronder dit tot stand gekom het en voetnote gee meer inligting oor bepaalde insidente waarna in die dokumente verwys word. Elke boek bevat ook enkele bylaes, 'n bibliografie en 'n alfabetiese indeks.

Die leser kom onder die indruk van die primitiewe omstandighede waaronder daardie vroeë sendelinge moes werk en wat hulle alles moes ontbeer. Heelwat lig word gewerp op die inwoners van die O.V.S. net voor en tydens die Groot Trek. 'n Algemene klagte van sendelinge was dat die voortdurende gevegte tussen stamme onderling sendingwerk bemoeilik het. Verwysings na blanke inwoners in die gebied en na die Voortrekkers kom selde voor, maar 'n beter kennis van die werk en omstandighede van veral die Wesleyaanse sendelinge werp lig op hulle houding teenoor die Trekkers.

In die tydperk 1833-1854 het die Wesleyaanse sending in en om die gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier gefloreer en daar was nie minder as 23 sendingstasies nie wat as die Betsjoeana-sending bekend gestaan het. Die sentrum van hierdie werk was die Oos-Vrystaat veral rondom Thaba Nchu en het sendingstasies by Aliwal-Noord, Colesberg, Makwassie en Boetsap ingesluit. Die werk was hoofsaaklik onder Tswanasprekende stamme, vandaar die benaming Betsjoeana-sending. In die begin van die jare vyftig het die werk in hierdie gebied egter vinnig afgeneem. In 1854 het die Betsjoeana-sending opgehou om selfstandig te funksioneer en is dit onder die distrik Albany ingedeel.

Dokumente wat opgeneem is, is hoofsaaklik verslae en briewe van sendelinge soos James Archbell, John Edwards, Thomas Jenkens, James Allison en James Cameron. Twee verslae van William Shaw, superintendent van die Wesleyaanse sending in Suid-Afrika, wat hy in 1839 en 1848 ná besoeke aan die gebied geskryf het, is ook opgeneem. Die bylaes bestaan uit 'n kort chronologie en alfabetiese lyste van 23 sendingstasies en 27 sendelinge met beknopte inligting oor elkeen.

Gottlob Schreiner was van Duitse herkoms en het sy sendingopleiding in Basel, Switserland, ontvang. Daarna is hy na Engeland vir verdere opleiding as sendeling van die Londense Sendinggenootskap. Kort voor sy vertrek na Suid-Afrika is hy in 1837 in Engeland met 'n Engelse onderwyseres, Rebecca Lyndall, getroud. Sy was 'n talentvolle dame wat Frans en Italiaans magtig was en ná haar ontmoeting met Schreiner ook Duits geleer het. Van 1838 tot 1842 het Schreiner by Philippolis gewerk en daarna tot 1846 by 'n sendingstasie naby die Caledonrivier wat hy self aangelê

en Basel genoem het. In 1846 het hy die diens van die Londense Sendinggenootskap verlaat en by die Wesleyaanse sending aangesluit.

Die briewe wat in *The missionary letters of Gottlob Schreiner 1837-1846* opgeneem is, dek die tydperk wat hy in diens van die Londense Sendinggenootskap was. Dit is hoofsaaklik briewe en verslae wat hy aan die Genootskap in Engeland en aan dr. Philip, hoof van die Genootskap in Suid-Afrika, geskryf het. Briewe wat Schreiner in Duits en in die ou Duitse skrif aan die sendinginstituut in Basel geskryf het, is in Engels vertaal. Om Schreiner se briewe en verslae in perspektief te bring, is briewe en verslae van ander sendelinge soos dr. Philip en Theophilus Atkinson, Schreiner se kollega by Philippolis, ook opgeneem. Verder is daar nog 'n brief van Rebecca Schreiner aan sendingvriende in Engeland. Wat veral duidelik uit die briewe blyk, is die twiste tussen sendelinge van die Londense Sendinggenootskap onderling. Tussen Schreiner en dr. Philip was daar geen goeie verhouding nie en dit was seker een van die belangrikste redes waarom eersgenoemde uit die diens van die Londense Sendinggenootskap bedank het.

Gottlob Schreiner en Rebecca Lyndall was die ouers van 'n hele aantal bekende en talentvolle kinders. Vir die Schreiner-familie werp hierdie boek interessante lig op die herkoms en vroeë geskiedenis van hul stamouers.

R.T.J. LOMBARD
*Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria.*